Die 59 Katte: Jenny Seed Lees

In 'n klein huisie woon daar 'n ou vroutjie en haar 59 katte. Somtyds wonder sy wel of 59 katte nie dalk bietjie te veel is nie, maar dan dink sy weer daaraan dat sy baie gelukkig is met soveel katte vir geselskap. Daar is swart katte, grys katte, gemmer=katte, streepkatte en bont katte. Die wyfiekatte het moon name, soos Mietsie, Soe=
kie en San, terwyl die mannetjieskatte weer sterk name het soos Tier, Tobias en Tom. Ek sal nooit almal se name onthou nie, maar die ou vroutjie kan.



Gedurende die dag is sy baie besig. Sy moet sorg dat al die katte kos kry, geborsel en behoorlik versorg word. Saans sit sy dan by die kaggel en brei, met 'n kombersie om haar bene gevou en die 59 katte vir geselskap.

Op haar skoot lê daar gewoonlik 'n paar katte en ook op die armleunings van haar stoel. Dikwels sit daar 'n gemmerkat op haar een skouer en 'n swarte op die ander. Daar is 'n wyfiekat met die naam Magriet wat eenkeer op die ou vroutjie se kop wou sit!

Van die ander katte lê oral in die vertrek in die **gesellige** hoekies opgekrul, met hulle neusies agter hulle pote weggesteek. Sommiges was hulle gesigte, terwyl ander met die ou vroutjie se wol speel. Die katte spin van tevredenheid en die ou vroutjie **neurie** saggies 'n liedjie. Almal is so gelukkig as wat 'n mens maar kan wees, tot op 'n sekere dag...

Aan die een kant langs die ou vroutjie bly mevrou De Bruin. Agter haar woon meneer Swart. Aan haar ander kant is daar 'n groot pakhuis waarin die mooiste en fynste tafellinne weggepak is. As die 59 katte tog maar net tevrede is om in hulle eie klein tuintjie te bly, sal niks verkeerd loop nie. Maar hulle wil nie net daar bly nie!

Hulle klouter oor die heinings tot in mevrou De Bruin se tuin en ook tot in meneer Swart se tuin. Hulle hardloop met die trappies op tot binne-in die pakhuis langsaan.

................................................................

Boonop het een van die wyfiekatte, ek dink dit is Susara, op die derde vloer van die pakhuis kleintjies gekry – en dit bo-op 'n baal van die beste damask-tafeldoeke! Die voorman is so briesend dat hy kan ontplof. Hy loop dadelik om vir mevrou De Bruin en meneer Swart daarvan te vertel. Saam haas hulle na die burgermeester en vertel ook vir hom van die storie.

Die burgermeester is 'n kort, ronde mannetjie met 'n swaar, goue ketting om sy nek en 'n houding van ag tog te belangrik. Hy klik sy tong simpatiek toe hy van mevrou De Bruin se tuin hoor. Hy klik sy tong simpatiek toe hy van meneer Swart se probleem met die katte hoor.
Maar toe hy hoor wat Susara bo-op die damask-tafeldoeke aangerig het, hou hy op om sy tong te klik en gooi sy arms in die lug in. "O my aarde!" roep hy uit, baie omgekrap, omdat hy self aandele in die pakhuis het. "Ons sal nog almal bankrot ......

Lees storie verder!